**GEÏNTEGREERDE OMGEWINGSMAGTIGING**

**(Omgewingsimpakevaluering en Aansoek om Afvalbestuurslisensie)**

**VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE HUIDIGE ASVERWYDERINGSFASILITEITE BY DIE TUTUKA KRAGSTASIE, MPUMALANGAPROVINSIE**

**DO Verwysingsnommer: 14/12/16/3/3/3/52 en NEAS Verwysingsnommer: DEA/EIA/0001416/2012**

# BELANGRIKE KENNISGEWING

## KANSELLERING VAN OPENBARE VERGADERING

Neem asseblief kennis dat die Openbare Vergadering wat geskeduleer was vir **Donderdag, 21 Julie 2014, 17h00 – 19h00, by Ulwazi Primêreskoolsaal, Thuthukani (vir bogenoemde projek)**, en wat op Dinsdag, 15 Julie 2014 en Woensdag 16 Julie 2014 geadverteer was, weens onvoorsiene omstandighede **gekanselleer is tot verdere kennisgewing**.

Die Openbare Vergadering sal dienooreenkomstig, maar voor indiening van die Finale Omgewingsimpakverslag aan die Departement van Omgewingsake, geherskeduleer word. Graag maak die projekspan van hierdie geleentheid gebruik om verskoning aan te teken vir enige ongerief wat die kansellasie mag veroorsaak het. Moet asseblief nie huiwer om die Publieke Deelname Kantoor te kontak (kontakbesonderhede hieronder) vir meer inligting oor hierdie kansellasie nie.

## KONSEP OMGEWINGSIMPAKVERSLAG BESKIKBAAR VIR PUBLIEKE INSAE

Soos per die vorige kennisgewing wat geplaas is op Dinsdag, 15 Julie 2014 en Woensdag, 16 Julie 2014, 2008), word u kommentaar op die Konsep Omgewingsimpakverslag (KOIV) vir die voorgestelde uitbreiding van die huidige Asverwyderingsinstallasie vir Tutuka Kragstasie, naby Standerton, Mpumalangaprovinsie verwelkom. Die KOIV is beskikbaar by die ondergenoemde plekke (in druk), Lidwala Raadgewende Ingenieurs' webwerf (http://www.lidwala.com) en op CD (op skriftelike versoek) vanaf **Maandag, 21 Julie 2014** en die kommentaar periode eindeig **Maandag 01 September 2014** (einde van besigheidsdag):

| Plek | Kantoorure | Straatadres | Kontaknommer |
|---|---|---|---|
| Standerton Openbare Biblioteek | 08:30 – 16:30 | H/v Beyers Naude en Mbonani Masiyelastraat | 017 712 9678 |
| Tutuka Kragstasie (Westelike Hoofhek – Sekuriteit Ontvangs) | 07:00 – 16:00 | Tussen Standeton en Bethal Pad (op die R 38 pad) | 017 749 9111 |

Rig asseblief u **skriftelike** navrae en kommentaar aan die Openbare Deelnamekonsultante hieronder:

**Nicolene Venter / Bongi Mhlanga**
**Lidwala SA (Edms.) Bpk.**
Posbus 32497, Waverley, 0135
Tel: (0861) 543 9252
Faks: (086) 764 9282
E-pos: tutukaeia@lidwala.com

Lidwala
Specialist Solutions